DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**4 Oktober 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

Lees: 1 Petrus 2: 1 – 17
Fokusteks: 2, 4, 9, 12
Tema: Jy is geroep, is toegerus en is uitgestuur na die heidene.
Sing: Psalm 33: 1, 7; Skrifberyming 12-3: 1, 2 ; Psalm 65: 2, 6; Skrifberyming 14-1: 2, 3

Iemand wat swaarkry omdat die samelewing jou uitstoot of teen jou diskrimineer verloor maklik perspektief en hoop. Luister maar na ons gesprekke met vriende en familie. Omtrent elke huishouding in SA word op een of ander manier geraak deur die impak van die pandemie en die gepaardgaande onbevoegtheid van die regering wat dit moet bestuur. Dit wek frustrasie, ongeduld en 'n gevoel van hopeloosheid by baie op. Sommige wil die reg in eie hande neem, veral waar vrouens en kinders aan die korste ent trek. Ander gee boedel oor en verloor belangstelling, ook in God.

1 Petrus is daarom baie belangrik om ons weer op ons taak en doel te wys. Hierdie brief is aan mense geskryf wat baie swaar gekry het in 'n nie-Christelike wêreld. Hulle wou tou opgooi en hulle geloof prys te gee. Hulle het nie meer kans gesien om anders as diegene rondom hulle te wees nie.  Die skrywer is Petrus, een van die oorspronklike 12 dissipels. Hy is in Babilon – 1 Pet 5: 13. Dit is die skuilnaam vir Rome. Die brief aan die gelowiges in Klein-Asië gee ou waarhede wat hulle nuut moet toepas in hulle omstandighede. Hulle is geroep om hulle gedrag deur Christus te laat bepaal. In Babilon is die kerk irrelevant. Gelowiges is eintlik 'n groot irritasie vir ongelowiges. In Babilon gee niemand om of jy glo of wat jy glo nie. En as jy in Christus glo, kan dit jou duur kos … vriendskappe, jou werk, en selfs jou lewe is op die spel.

Hoe lewe jy dan in Babilon vir die Here? Hoe moet jy dan nou hier doen? Dit is baie belangrik om te weet wie jy is. Jy weet as gelowige wie jy in die Here is. Jy is 'n uitverkorene, maar tog vreemdeling. In maar nie van of soos die wêreld nie. Jy het God se genade en vrede in oorvloed ontvang. Jy is deel van God se koninklike priesterdom – 1 Pet 2: 9 – 10.  Ons is Sy volk. Ons waarde is in God se oë onberekenbaar groot, want ons behoort aan Hom. Op Babilon se skaal is ons nikswerd nie. Op God se skaal het ons ewige waarde wat nie in geldwaarde gemeet kan word nie.

In 3 stellings gee die apostel Petrus vir ons ons doel op aarde. Verse 1 – 3 stel dit duidelik dat ons die suiwer melk van die Woord moet drink – persoonlike groei. In verse 4 – 10 is ons opdrag om opgebou te word as 'n geestelike huis vir die Here – ons word as lewende stene opgebou in die gebou van God veral in erediens. Verse 11 – 17 sê ons moet dit wat ons leer prakties toepas in ons omgewing.

Jy kan nie groei sonder die Woord nie. Die Woord moet suiwer in die erediens bedien word, sodat die gemeente saam kan opgroei en ons ‘n impak op ons omgewing/samelewing kan maak. Jy kan nie groei sonder ‘n persoonlike verhouding met Christus nie. Daarom moet jy ingemessel word in God se gebou. Eers dan kan jy gestuur word, met die ondersteuning en voorbidding van jou mede-lidmate.

In vers 12 som die apostel ons optrede tussen die heidene/nie-gelowiges op met die woord: GOED. En ons doen dit in die Here se naam. Die nie-gelowige moet ons goeie werke raaksien, ook al praat hulle kwaad van ons. Goeie werke is dit wat ons doen om God se eer voorop te laat staan. Die HK vra in So 32: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is? Antw: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen. In vers 15 word die goed doen herhaal.

Petrus verbind dit direk aan God se wil. Op die manier sal ons ‘n einde bring aan al die kwaad wat mense uit onkunde praat. God se wil gebeur op hierdie aarde wanneer ons aan ander goed doen. Die goed doen word in vers 17 gekwalifiseer: respekteer alle mense. Wees lief vir jou mede broer en suster in die gemeente. Aanbid God alleen en wees onderdanig aan die menslike instelling – destyds het die Keiser homself die seun van God geag en geen teenstand geduld het nie. Die versoeking is daar om ook dwaas of boos soos die ongelowige op te tree. Mens maak nie iets reg deur self kwaad te doen nie. God het Sy wet in ons harte geskryf deur die Heilige Gees, daarom moet ons wys dat ons anders dink en kan doen.

God roep ons in Rom 8 om die werke van die vlees in ons eie lewe dood te maak. Ek verwonder my dat mense grense wat God stel, regdeur die Skrif, relativeer, asof hulle kan bepaal wat ons van God moet aanvaar en wat nie. Omdat die gemeenskap ‘n sonde toelaat, beteken nie dat dit vir God aanvaarbaar is nie. Jy kan nie kies wat jy van God se wil, wil doen of nie. Hy duld nie mense wat sonder heilige ontsag vir Hom lewe nie.

In Babilon is ons nie geroep om bekend te wees vir alles waarteen ons is nie. Ons is geroep om God se koninkryk te verkondig. Lees die Bybel, groei saam met medegelowiges in jou geloof en verhouding met God en mekaar. Hier moet ons bekend wees vir ons goed-doen aan ander buite die gemeente of vriendekring. Hier moet ons geloof en ons praktyk die aangename geur van Christus versprei.

Vra jouself die vraag: Waarvoor is jy voor God, die gemeente en die gemeenskap bekend?

## OOG VIR MEKAAR




- Ons bid dat die Here vir Hennie en Julie Oelofse sal vashou en in die geloof sal versterk. Hy was afgelope week in Pta vir 'n skandering en sal DV Dinsdag die uitslag ontvang.
- Louis Marx het 'n maagoperasie ondergaan. Ons bid hom en Gerda die seën van die Here toe in die hersteltyd.
- Ons is dankbaar dat dit met Marius Schutte beter gaan. Hy was afgelope Vrydag weer by die spesialis in Pta. Sterkte vir jou en Veronica met die herstel na die ongeluk.
- Ons bid vir ons broers en susters wat deur stressvolle tye gaan agv die pandemie. Ons bid dat ons getroue Vader vir ons uitkoms sal gee en ook deur die Heilige Gees die pad vir ons sal wys.
- Op 1 Oktober het nuwe reëls vir die inperking in werking getree. Gemeentes bly nog onderworpe aan strenger inperkings, soos dit in Septembeer aan ons deurgegee is. Ons moet steeds die sosiale afstand handhaaf en mag nog nie saam kuier nie. Ons mag nou meer in die erediens wees, maar ons mag nog nie op ons gewone manier doen nie. Ons is beperk tot 50% van ons kapasiteit onderhewig aan die 1.5m afstandreël. Die reëls verbied ons nie om te sing nie, maar gee ook geen riglyne in die verband nie.

## Omgewingspitkos

Om die aard van God se onderskraging van sy skepping na te speur, raak 'n verrykende ervaring as jy na aan die natuur in eenvoud leef. Dan word 'n vermoë geskep om te kan weet hoe om natuurwerking te kan bestuur. Dan alleen hoor en sien jy hoe plante en diere se maniere tot jou spreek. So spreek duiwe-aard veral in die Bybel tot ons (vgl. Ps 74:19, Ps 55:7, Hoogl 2:14, Matt 10:16). Beeld van skoonheid, reinheid, sagmoedigheid, weerloosheid en opregtheid. Geen wonder dat die Gees van God soos 'n duif neergedaal het en dat die Kerk onder die beeld van 'n duif voorgestel word. Vermy net die duif se domheid (Hos 7:11) in jou verantwoordelikheid teenoor 'n gesonde omgewing.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.
* **Die diakonie verkoop wildsvleis :**
  **Wilds maalvleis @ R 70-00 p/kg**
  **Wilds biltong @ R 130-00 p/kg (nat)**
  **Wildspastei @ R 100 per pastei (Genoeg vir 4 persone)**
  **Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie en teen hierdie pryse kan kan ju nie die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Daleen Coetsee by 079 490 2678 om bestellings te plaas.**

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**




# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| So 4 Okt | Teresa De Villiers<br>Hester Korff<br>Nico Swanepoel | <br>B<br>B | 065 269 2314<br>072 190 2991<br>082 888 9236 |
| Ma 5 Okt | Lienkie Hoogendyk<br>*Alida Jansen *** | B<br>B | 066 240 3118<br>073 759 0315 |
| Di 6 Okt | Dawie Lessing<br>Douw Venter | B<br>B | 083 627 4751<br>082 713 2780 |
| Wo 7 Okt | Lia Van der Merwe | D | 083 948 7189 |
| Do 8 Okt | Sarie Bronkhorst<br>Pieter Nagel | B<br>B | 082 819 9164<br>083 557 6430 |
| Sa 10 Okt | Danie Combrink<br>Mia Maré | D<br>D | 082 335 9553<br>082 318 7263 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 4 Oktober 2003 | Chris en Madeleen Nel | 17 | 083 739 6152<br>083 537 8876 |
| 4 Oktober 2003 | Henk en Elma Venter | 17 | |
| ***5 Oktober 1991*** | ***Sarel en Tialeen Venter*** | ***29*** | ***082 809 0222<br>084 800 0552*** |
| 6 Oktober 1990 | George en Susan Petitt | 30 | 083 277 4852<br>083 959 2290 |
| 8 Oktober 1989 | Pieter en Barbara Nagel | 31 | 083 260 9581<br>083 557 6430 |


Teken in op die SLINGERVEL
Individuele intekening
R405.00 - 10 uitgawes
[posgeld + BTW ingesluit]
Afhaal by Buro
R285 - 10 uitgawes
Elektroniese intekening
R146.00 - 10 uitgawes
Om in te teken:
Kontak Angie Mokobi by
tydsElektroniese
intekening
tydskrifte@gksa.co.za
of tel. 018 297 3986

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.

1 Petrus 2 : 4

